



NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2020

AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur

100 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

AFDELING A LETTERKUNDE**DRAMA****VRAAG 1 DIE KOGGELAAR (Pieter Fourie)**

LW: Wat volg, is voorstelle. Elke kandidaat se benadering moet op eie meriete beoordeel word.

Titel:

- Gee **eie gepaste titel** wat die kandidaat se siening vasvang. (Die titel is opsioneel – m.a.w. as kandidaat geen titel gegee het nie, mag hulle nie benadeel word nie. Dit is egter tog 'n aanbeveling.)

Inleiding:

- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en dramaturg** te verwys, bv. *In Pieter Fourie se drama Die Koggelaar [onderstreep in geskrewe teks] (1988) ...*
- **Formuleer betoog**; bv.
- ... *speel die karakter Knaplat 'n deurslaggewende rol in die uitspeel van Boet se verontskuldiging van sy liefdeloosheid teenoor sy medemens, sy diere en die aarde self. Hy aktiveer juis dié sentrale tema deurdat hy die rol van biegvader, aanklaer, duiwelsadvokaat en regter speel en die uitspeel van sekere gebeure uit Boet Cronjé dwing. Deurdat hy slegs in die dramatiese hede (ná Boet se dood) kan praat, gee hy juis 'n stem aan die stemloses – diegene wat Boet in die lewe misbruik het vir sy eie selfsugtige gewin.*
- Verwoord **hoofargument** n.a.v. beplanning.

Paragrafe:

- Verskillende argumente word hier betoog wat die onderwerp (wat in die inleiding aan bod gebring is) ondersteun.
- In elke paragraaf word 'n argument bespreek – ondersteun met verwysings na en/of aanhalings uit die drama.
- Die betogende styl van die kandidaat moet deurgaans duidelik wees.

Moontlike argumente wat ter betoog aangevoer kan word:

Knaplat se rol afgelei van toneelaanwysings:

- *Knaplat is 'n swart akteur en verteenwoordig daardeur die werkers in diens van die Cronjés. Gedurende die uitspeel van die verlede bly alle werkers (behalwe Anker) naamloos en die bynaam "Knaplat" word eers ná Boet se dood aan hom toegeskryf. Daarmee saam het hy 'n ram se draadmasker op wat hom as spreekbuis vir die diere op die plaas teken. Die masker teken hom ook as gesigloos en stemloos. Die draad kan ook as sprekend van die inperking van die vryheid van diere geïnterpreteer word en is simbolies van die tem van dier en grond.*
- *Sy naam self is ook tekenend van die simboliese rol wat Knaplat speel. As jy "knap" is, is jy 'n goeie of selfs die beste werker. 'n "Lat" kan paradoksaal gesien word as iemand wat ietwat lui is, maar kan ook verwys na sy manlike geslagsorgaan. As stoetram is hy die beste/voorstel voortplanter (in kontras met Boet se onvrugbaarheid wat later aan die lig kom). In Boet se oë is dit sy enigste funksie. Daarom sê Knaplat: "Jy het my nooit eintlik geken nie. Ons was een met hierdie grond, maar vir jou was ek iets wat getap moes word, die skaap met wie jy kon maak wat en soos jy wou. My hele bestaan was net vir jou." Hierin moet die verband met Anna as Boet se "teelooi" natuurlik ook raakgesien word.*
- *Die roomkleurige pak wat Knaplat dra, kan gesien word as die eerste vorm van koggelary omdat dit juis reeds die kontras tussen swart en wit (in die vorm van een karakter) vooropstel (is dit roomkleurig, want hy is steeds nie wit genoeg nie?). Die formele pak staan ook in kontras met die werkersklas waartoe die plaaswerkers en die plaasdiere gereleë is. Die formele pak sluit egter ook duidelik aan by die formele rol van Knaplat as regter, aanklaer en (duiwels)advokaat wat sommige gebeure uit Boet se vertelling afdwing.*

- *Knaplat het die eerste (en laaste) spreekbeurt in die drama en omraam dus die vertelling van die gebeure wat aanleiding gegee het tot Boet se selfdood. Hy spreek die gehoor direk aan in die eerste spreekbeurt: "Dames en here, vergewe my ... wat vir u mag klink na my ongenaakbaarheid om hierdie oomblik. Dit is dit nie. Inteendeel, dis die slotsom van 'n leeftyd saam met Boet Cronjé op Nooitgedacht ..."*

Selfliefde teenoor naasteliefde:

- *Boet pleeg selfmoord en dan volg daar 'n nadoodse "belydenis" teenoor Knaplat. Boet se liefdeloosheid en onverdraagsaamheid jeens God en medemens verkry eers gestalte wanneer die droogte aanbreek. Hy sê dan ook: "Was dit nie vir die droogte nie..." Sy liefdeloosheid en onbegrip word intens geaktiveer deur die droogte alhoewel hy dit reeds as jong man geopenbaar het (bv. kroegtoneel).*
- *Boet glo duidelik dat alles en almal in sy diens is: sy vrou, sy werkers, sy diere en die plaasgrond self. Hy kan dus nie glo dat Knaplat kan praat nie. Knaplat bring die besef tot Boet dat hy dood is en dit dwing Boet daartoe om te wil verduidelik en uiteindelik om verskoning te vra. Hierdeur word Knaplat eerstens 'n biegvader. Boet dring ook daarop aan dat hy eers oor die bakkie- en kroegtoneel wil vertel voor hy oor Anna praat. As regter, stel hy egter ook die gehoor as arbiters aan: "Maar erger nog: jy veg dalk vir die regverdiging van jou dood! Jou selfmoord! ... Toe maar, ons sal met verloop van sake self besluit."*
- *Knaplat is deurentyd op die verhoog en rig die vertelling: Hy hou homself by tye doof aangesien die misbruike in hom (simbolies en letterlik in die karakter Knaplat) tot 'n spits gedryf is. Later raak hy meer geïnteresseerd of verwag nadere verklaring, bv.: "Jóú God?" nadat Boet verduidelik: "Daar was so baie dinge. Verbittering, vertwyfeling, skuldgevoelens, skok ... (Pouse) my arrogansie, maar bo alles my God wat my verlaat het ...". Hy wys die foute wat Boet gemaak het uit: "Jy het haar teen haar ouers se sin toe tóg getrou. Dis al wat dit vir my sê." Verder dra hy ook belangrike gegewens aan die gehoor oor as hy karakters aankondig waar dit ongemaklik sou wees vir mense wat mekaar al jare ken om hulleself volledig voor te stel (die buurman, bv.). Hy lewer kommentaar op mense se oppervlakkige ervarings (volgens hom) van veral die droogte. Hy hou Boet tersaaklik in sy vertellings en speel die advokaat in sy ondervraging van Boet ná Klein-Ben se dood – en wys die skreiende waarheid uit dat Boet deurentyd die skuld op ander verplaas het. Hy wys Boet ook op sy eie onvrugbaarheid en die ironie daarvan dat Boet stoetramme se saad sou versterk het, maar nie sy eie nie. Later por hy hom selfs aan "Vertel", "En toe?" "Hoekom nie? ... Wat het toe gebeur?"*
- *Boet se behandeling van Anker en die ram, Knaplat, is feitlik identies. Knaplat word as't ware sy alterego.*
- *Weens Knaplat se betrokkenheid by die fiksionele wêreld kan hy in sy uitgesprokenheid lig werp op Boet se liefdeloosheid. Wanneer Anker kla dat hy agterop die bakkie byna verkleum het, wys Knaplat hom daarop dat dit met hom as skaap nog slegter gesteld is: KNAPLAT: "So erg is dit darem ook nie. Vra my ek weet. Altyd agterop die bakkie." Soms beskerm hy Anker se selfbeeld, maar by ander tye wys hy ook op Anker se ruggraatloosheid oor sy dubbellewe as plaaswerker en Boet se halfbroer.*
- *Uiteindelik wil dit voorkom of beide Anker en Knaplat vir Boet dwing om die sneller te trek en sy tirannie en liefdelose lewe te beëindig – veral nadat hy familiemoord gepleeg het! Boet erken aan Knaplat: "Jy is nie net skaap nie!", maar kry geen reaksie nie. Eers ná sy dood kan die reën (= verlossing) kom. Die laaste spreekbeurt behoort dan ook aan KNAPLAT (vol vreugde): "Ja, dit reën. Uiteindelik die reën!"*
- *Uiteindelik haal Knaplat dan ook sy draadmasker af en trek dit oor Boet se kop voor hy en Anker vir Boet wegdra. Hierdeur word Boet se status as koggelram voltrek en Knaplat word finaal bevry van sy gesiglose, stemlose status in diens van 'n liefdelose heerser wat te trots was om die lyding van sy diere en die veld te verlig deur die aar oop te boor.*

Slot:

- Hoofpunte word saamgevat – **kom tot 'n eindbetoog**.
Die stelling word finaal **bewys of afgekeur**, bv.
- *Dit is duidelik dat Knaplat sy plek op die voorblad van die eerste uitgawe (1988) verdien het en die tweede uitgawe (2018) het daarom nie noodwendig 'n meer gepaste voorblad vir hierdie drama nie. Knaplat speel 'n kardinale rol daarin dat hy op simboliese vlak ál die slagoffers van Boet se liefdeloosheid verteenwoordig en stem gee aan die stemloses. Ook op dramatiese vlak speel hy die rol van verteller, biegvader en (duiwels)advokaat en luister saam met die gehoor na Boet se poging tot verontskuldiging en uiteindelik moet hy 'n oordeel fel. Maar die reën kan eers neersak ná Boet se dood en so word 'n toekoms met groter medemenslikheid en eerbied vir diere en die grond self moontlik gemaak.*

PROSA**VRAAG 2** ***DIE VEREVROU*** (Jan van Tonder)**RIGLYNE VIR HULP BY DIE NASIEN VAN VRAAG 2**

Titel: Gee eie gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

Inleiding:

- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. *In Jan van Tonder se roman Die Verevrou [onderstreep in geskrewe teks] (2019) ...*
- **Formuleer onderwerp:** ... word daar inderdaad van komplekse motiewe gebruik gemaak om die parallelle tussen Liora en Candice te teken. Liora se skoppelmaai (ook op die voorblad) en Candice se stelte ontwikkel beide tot motiewe van ontsnapping en die wegom van die harde werklikhede van die lewe. Dienooreenkomstig is die volstruisvere ook vir al twee vroue simbolies van vryheid en bevryding. Dit wil dus op die oog af voorkom of Candice en Liora hul buitelanderskap reeds van vroeg af besef en selfs doelbewus in die hand werk. Hoewel Candice uiteindelik tog haarself tot 'n mate weer by haar gemeenskap integreer, voltrek Liora haar buitelanderskap met haar selfdood.
- Vooruitwysing hoe die literêre opstel aangepak gaan word waarbinne hoofargumente afgebaken word.

Paragrafe:

- Verskillende hoofargumente word beredeneer.
- Elke paragraaf hanteer 'n hoofargument – ondersteun met verwysings na/aanhalings uit die teks.
- Die beredenering van die kandidaat moet deurgaans blyk.

Moontlike argumente wat beredeneer kan word: (hier word erkenning gegee aan die vele voorbeelde en argumente – asook ander motiewe – wat oortuigend aangevoer kan word, maar weens lengtebeperkings nie in hierdie dokument vervat kan word nie)

- *Liora se skoppelmaai hang aan 'n ou tamariskboom op Finisterre (einde van die aarde) vanwaar sy reeds van jongs af kan vlieg van haar eensame bestaan as enigste kind en die pyn van haar afwesige pa. Sy versier haar swaai met allerhande vere – net soos Candice ook van kleins af voëlveertjies versamel en dit met haar saamdra. Sy noem die skoppelmaai haar "veilige plek" (bl. 26) en hier wag sy op mense (veral Moshe) om te arriveer en vir Struzzo (haar volstruis) om uit te broei. As sy kwaad is vir haar ma, sit sy kruisbeen op die skoppelmaai om nie haar voete op dieselfde stuk aarde as haar ma te hê nie. Wanneer Moshe op besoek kom, staan sy op die swaai en máák haarself, want sy wil vlieg. Sy laat die toue los en val haar wind uit. Dit is dus nie net 'n veilige plek nie, maar ook iets wat kan seermaak. Later verbind die skoppelmaai haar ook aan Moshe met die swaai wat hy in Oudtshoorn met hom saamneem na Rosa se plaas toe. Sy herinner Moshe daaraan dat hy gesê het sy sal eendag kan vlieg, al was dit altyd 'n onhaalbare ideaal. Die skoppelmaai bring uiteindelik die dood as die bejaarde Moshe van die skoppelmaai val en sterf, waardeur 'n sikliese verband tussen jong lewensverwagtinge en die dood verweef word as Moshe na sy dood "vlieg". Moshe se dood is dan ook die begin van Liora se onttrekking van die wêreld en finale aftakeling. Die skoppelmaai is dus uiteindelik nie net 'n veilige plek vir die buitelandster nie, maar ook tekenend van jeugdige ideale, seerkry en die voltrekking van die lewensiklus in die dood.*
- *Candice is 'n steltloper wat sedert haar terugkeer na Suid-Afrika op stelte loop en haar vereprodukte verkoop. Dit is vanuit hierdie buitewêreldse/uitlandse wêreldbeskouing (dit herinner aan die karnavaleske en het 'n sterk Europese oorsprong) wat sy en Liora die eerste keer letterlik van aangesig tot aangesig ontmoet met Liora se aankoms in De Rust in die bus. Liora glo later dit gee aan Candice 'n ander uitkyk op die wêreld: "Ek het vergeet jy kyk uit 'n ander hoek as ons na die wêreld." (bl. 264) Die stelte simboliseer*

Candice se drang om te ontlug, te ontsnap en om weg te kom van realiteite. Dit hou die gemeenskap van Blomnek (veral die kinders) en die probleme van armoede en die sosiaal-politiese uitdagings binne hierdie gemeenskap asook lastige mans op 'n afstand. Candice se verhouding met Walter is haar grootste probleem. Hulle is steeds lief vir mekaar, maar die gebrek aan kommunikasie bring toenemende verwydering: "Sy bly doer in die wolke terwyl hy haar op die grond wil hê." (bl. 264) Die boom en die vlagpaal is haar bondgenote as steltloper – sy rus en skuil in die boom terwyl sy die vlagpaal gebruik om haar stel te trek. Die stel te stel vir Sylvester, wat vir Richard aansê om die stel te steel, monetêre waarde, maar vir Candice het dit simboliese waarde en beskerm haar teen seerkry en die harde werklikheid. Net soos Liora, wat haarself emosioneel op 'n afstand hou in al haar volwasse verhoudings, ontwikkel Candice 'n fisiese manier om haarself te distansieer van verhoudings wat potensiële pyn kan veroorsaak, nl. Vader Nissen, Richard, haar ma (Ymie) en die groter gemeenskap (wit en bruin) van wie sy haarself ook afsonder by haar huisie oorkant die rivier.

- Volstruisvere ontwikkel reeds vroeg in die roman tot 'n volwaardige tema, hoewel vere (oor die algemeen) en voëls, bydraend as motiewe, hierdie tema verryk. Die pluimery is waaruit Liora se ma en haar tante hulle bestaan maak in Algerië. Soos haar tante, Alessandra, word Liora ook later 'n pluimbereider. Moshe is betrokke by die koop en verkoop van volstruisvere. Alessandra se dood dra by tot die dimensionele ontwikkeling van die pluime as sy soos 'n volstruis vol vere uitgedos word – haar marteling vir die vermaak van die mans. Met die uitbroei van Struzzo leef sy met die hoop dat sy eendag ook van die mooiste vere van hom sal kan berei. Chrestien word ook weggevoer met haar stories van Finisterre en die volstruise – iets wat heel moontlik sy lewe red – en omdat hulle nie anders kan nie, bewys sy haar oorgawe aan hom met volstruisvere in die intiemste liefdestoneel.
- Liora word 'n gekwalifiseerde pluimbereider in Parys – 'n kuns wat sy aan Candice oordra (jare later in Oudtshoorn en De Rust). Na die eerste uitnodiging om vriendskap wat met Candice se verewaaier aan Liora gerig is, vind die twee vroue mekaar en op wonderbaarlike wyse ontwikkel daar 'n diepe wedersydse respek en leerjonge-leermeester verhouding wat al twee se lewens onomkeerbaar verander. Hierdeur word 'n onwaarskynlike vriendskap gesmee tussen twee vroue van uiteenlopende agtergronde, maar beide geteken deur hulle ervarings van verwerping en uitgeworpenes. As buitelanders erken hulle mekaar se nood tot aanvaarding en begrip.

Slot:

- Hoofpunte moet saamgevat word.
- Op grond hiervan moet tot 'n finale gevolgtrekking gekom word oor dit wat in die vraag aanhangig gemaak is.
- Finale besluit rondom hoe **romanslot** reeds deur die **motiewe** wat bespreek is en die sentrale tema van **buitelanderskap** aanhangig gemaak word.

Voorbeeldgevolgtrekking:

- Candice vind aan die einde van die roman haar pad oop om van haar stel af te klim en verantwoordelikheid te neem van die rol wat sy in die gemeenskap van haar jeug moet speel. Richard se dwase optrede dwing haar byna hiertoe. Hoewel haar en Walter se liefde steeds onvervuld is, aanvaar sy dat sy in 'n spesiale posisie is om aktief deel te wees van haar verlede en haar toekoms. Sy kan ook nou as pluimbereider 'n lewe maak van 'n skaars vaardigheid en so ook ekonomiese vooruitgang vir haarself verseker. Liora, daarenteen, se aftakeling word voltrek in die verejas en verewaaier wat haar begelei op haar pad na die dood. Nadat Moshe met die swaai (en daarmee saam die hoop om haar buitelanderskap – ten minste metafories – te kan oorkom) sy dood tegemoetkom, vind sy momenteel uitkoms gedurende die Pase, maar sy gee die pluimbereiding op (na haar ma se dood) as teken van haar oorgawe aan haar lot as slagoffer van 'n leeftyd van buitelanderskap.

VRAAG 3 **DIE VEREVROU** (Jan van Tonder)

Titel: Gee eie gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

Inleiding:

- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. *In Jan van Tonder se roman Die Verevrou [onderstreep in geskrewe teks] (2019) ...*
- **Formuleer onderwerp:** *... het beide vroue komplekse verhoudings met die mans in hulle lewens en streef hulle na onafhanklikheid van die greep wat die mangedomineerde verlede op hulle het. Beide Liora en Candice kry dit egter net gedeeltelik reg om teen die patriargie op te staan. In hierdie opstel sal daar gefokus word op die rol wat twee mans in elkeen van die vrouens se lewens speel en hul pogings om die verlede te ontsnap.*
- Vooruitwysing hoe die literêre opstel aangepak gaan word waarbinne hoofargumente afgebaken word.

Paragraawe:

- Verskillende hoofargumente word beredeneer.
- Elke paragraaf hanteer 'n hoofargument – ondersteun met verwysings na/aanhalings uit die teks.
- Die beredenering van die kandidaat moet deurgaans blyk.

Moontlike argumente wat beredeneer kan word:

- *Die roman strek oor 'n tydperk van 40 jaar – 'n tyd waarin die rol van vroue in die samelewing heelwat verander. Liora se ma en haar tante se bestaan word reeds vroeg gekontrasteer. Charlotte word goed versorg, maar is in 'n liefdelose huwelik (afhanklik) terwyl Alessandra 'n pluimbereider is en mansklere dra (onafhanklik van mans). Charlotte staan wel somtyds teen haar man op, maar wil nie van hom skei nie omdat haar geloof (wat ook argumentsonthalwe as patriargale dominasie gesien kan word) dit nie toelaat nie. Hierteenoor is Alessandra 'n bevryde vrou wat haar eie besigheid bestuur en baas is van etlike werkers wat haar help om modeskeppings te maak. Haar "mannetjiesagtigheid" word dikwels beskryf en dra ook by tot die grusame manier waarop sy gemartel en vermoor word gedurende die oorlog. Hierdie twee vroue is die rolmodelle in Liora se lewe en dit word gekontrasteer met die twee manlike karakters van haar pa, Emilio, en Moshe – haar ma se minnaar.*
- *Emilio is buffelagtig. Hy domineer vroue en probeer hulle beheer. As aartspatriarg glo hy sy woord is wet omdat hy 'n man is. Hy is veral venynig teenoor Liora en wil selfs haar seksualiteit beheer. Daarteenoor speel Moshe die liefdevolle vaderfiguur. Sy is sy engel en hy bederf haar met waardevolle geskenke. Emilio is nydig teenoor Liora as gevolg van sy frustrasies rondom Moshe en Charlotte se verhouding en as hy agterkom dat Liora se geliefde Struzzo 'n geskenk van Moshe is, is hy woedend en skiet die volstruis en sy kuikens dood. Na sy ontdekking van Liora en Eugenio se verhouding werp hy alles in die stryd om dit stop te sit (onder die voorwendsel dat dit gaan omdat hulle niggie en nefie is). In weerwraak laat Liora die aap uit die mou oor Charlotte en Moshe se verhouding en daar is 'n direkte verband tussen hierdie inligting en sy roekelose bestuur wat die motorfietsongeluk tot gevolg het waarin Liora ernstig beseer word. Hy aanvaar geen aanspreeklikheid hiervoor nie. In Parys is hulle verhouding ook toksies en Liora trek selfs uit omdat sy dit nie meer kan verduur nie.*
- *Moshe, daarenteen, is alles wat sy van 'n pa sou wou hê en sy wens ook dat hy haar pa was. Sy gaan soek hom dan ook op in Oudtshoorn om sodoende uiteindelik haar liefde teenoor hom en sy geliefde vaderland te bewys. Daar aangekom vind sy egter uit dat hy aan 'n vorm van dementia ly en haar soms nie eers erken nie. Hulle vind mekaar tog in tye van helderheid en Moshe gee haar die gebruik van sy motor – 'n bevryding wat Liora hoog op prys stel. Tog is dit vir haar belangrik dat haar ma ook na*

Suid-Afrika moet kom om haar liefde met Moshe te voltrek en sy kry dit uiteindelik wel reg om hulle by mekaar te bring. Kort hierna sterf Moshe egter en Liora is nogmaals uitgelewer aan 'n vaderlose wêreld.

- *Hoewel sy as onafhanklike vrou – soos Alessandra – as verpleegster kon werk, moes sy haar mediese studies opgee toe die oorlog begin – 'n oorlog wat deur mans gevoer is. Chrestien se ontmanliking is sprekend van die grusame manier waarop seksualiteit nogmaals beheer word om mag oor ander te kry. As gekwalifiseerde pluimbereider kry sy wel later onafhanklikheid, maar haar soektog na 'n lewensmaat loop telkens skeef. Sy kan nooit werklik met oorgawe haar verhouding met Odette uitleef nie (om nie eers die vooroordeel binne die mangedomineerde samelewing te noem nie...) en haar liefde vir Chrestien bly onvervuld op die langtermyn as hy haar vlug na Frankryk verseker en agterbly om soldaat te bly in die oorlog.*
- *Candice het 'n warm en liefdevolle verhouding met haar pa, Lokman. Hy bederf haar ook (net soos Moshe met Liora) en spaar geld sodat sy universiteit toe kan gaan. Hy bou haar selfbeeld en veroordeel nie haar verhouding met Walter soos wat haar ma van hom verwag nie. Maar Lokman sterf in haar matriekjaar en haar hart is gebreek. Sy sien sy beeld jare later buite haar huisie staan wat beteken dat sy steeds kan vashou aan die mooi herinneringe aan hom. Simbolies bly die katjie agter as teken van hulle liefdevolle vader-kind verhouding.*
- *Hierteenoor verwag Candice se ma dat sy binne die patriargale verwagtinge van die apartheidsamelewing moet bly. Sy wil nie hê Candice moet gaan studeer nie en sê sy moet eerder haar hoop op haar voorkoms bou: sy moet met 'n standvastige man met 'n goeie werk trou (nie soos sy, Ymie, wat vir liefde getrou het nie – 'n ernstige aanklag teen Lokman). Die goeie man mag egter nie 'n wit man wees nie. Haar vrees vir die vooroordeel wat Candice se verhouding met Walter sal uitlok, word natuurlik bevestig in die optrede van Walter se pa as hy die beeld wat Walter van 'n swanger Candice maak het, vernietig, en hulle verhouding kan duidelik nie die druk vanuit alle oorde oorkom nie. Uiteindelik kry Candice dit reg om haar verhouding met haar ma te hervestig, maar eers lank na sy uit die buiteland terugkeer. Ymie kon nie aan Candice se emosionele behoeftes voorsien soos haar pa nie aangesien haar tradisionele wêreldsiening (soos gevorm deur apartheid en die patriargie) nie plek ooplaat vir Candice se lewensverwagtinge nie. Eers nadat sy kon vrede maak met haar rol as deelnemer aan die lot van haar gemeenskap kan sy haarself losmaak van die juk van die verlede en as volwaardige (bevryde) vrou haar toekoms aanpak. (Sylvester en Clarissa se verhouding dien natuurlik as waarskuwing van wat die lot is van mooi meisies wat val vir die vrot appels in die gemeenskap en uiteindelik hulle drome geheel en al opgee.)*
- *Vader Jaco Nissen speel ook 'n interessante rol hier. As Katolieke priester mag hy uiteraard nie trou nie en sy liefde vir Candice mag dus nooit voltrek word nie. Ook hy word deur die kerk (heel moontlik op sy eie versoek) uit Candice se lewe verwyder. Candice verloor so een van haar min ware vriende en ondersteuners.*

Slot:

- Hoofpunte moet saamgevat word.
- Op grond hiervan moet tot 'n finale gevolgtrekking gekom word oor dit wat in die vraag aanhangig gemaak is.
- Finale uitslag of die **twee vrouekarakters** die **houvas van die verlede** (in die gedaante van **manlike karakters**) kan **ontsnap**.

Voorbeeldgevolgtrekking:

Beide Liora en Candice se lewens is geteken deur die houvas wat patriargale waardestelsels op hulle gehad het. Candice se vrydenkende pa staan in kontras met haar tradisionele ma wat paradoksaal die een is wat haar teen bevryding van hierdie sisteme

probeer beskerm. Candice ontsnap wel die houvas van patriargale sisteme, maar aanvanklik beteken dit dat sy haarself afsydig hou van mense (letterlik en figuurlik). Liora se wrede pa is direk verantwoordelik vir haar gebroke self en wanneer sy uiteindelik die vader wat sy altyd wou gehad het in Suid-Afrika gaan opsoek, is dit eintlik te laat. Sy vind wel uiteindelik berusting tydens die Paasfeesoptog, maar dit bring steeds nie genoeg lewenshoop om haar te dra deur die ongelooflike pyn en lyding wat sy deur haar lewe en aan die hand van die aksies van mans moes ervaar nie. Haar selfdood (hoe romanties ook al dit georkestreer is) kan gesien word as 'n finale opgee. Waar Candice haar aktief weer begin deel maak van die gemeenskap en die sisteem van binne af kan takel, gee Liora haar uiteindelik oor aan die wanhoop en haar ontsnapping is slegs in die dood.

VRAAG 4 DIE DAG VAN DIE LORD (Johan Kruger)

Titel: Gee eie gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

Inleiding:

- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. *In Johan Kruger se roman Die Dag van die Lord [onderstreep in geskrewe teks] (2015) ...*
- **Formuleer onderwerp:** ... word Andries Fourie se siening van vergelding en vergifnis deurgaans meer gekompliseerd sodat die leser telkens gekonfronteer word met hulle eie siening van aandaagdigheid, skuld en wraak. Reeds in die titel word die einddoel, nl. om Lord Kitchener uit die weg te ruim, aanhangig gemaak en met sy "onthougoed" en sy versameling oorlogsdokumente, hou Andries sy motivering hiervoor altyd naby. Daarenteen is daar die oortuigings van diegene naaste aan hom, nl. tante Johanna, Tewie en Jennifer wat sy lewensuitkyk ingrypend verander en vertwyfeling saai in sy oortuiging dat Kitchener moet boet vir die verskrikking van die oorlog. Uiteindelik is Andries (volgens die romangegeewe) tot 'n mate verantwoordelik vir die dood van Kitchener, maar lesers word met die vraag gelaat of dit werklik die berusting vir dit waarna hy sy lewe lank uitsien, bring, en maak Andries se maxim van "'n oog vir 'n oog" geen moontlikheid oop vir versoening en berusting nie.
- Vooruitwysing hoe die literêre opstel aangepak gaan word waarbinne hoofargumente afgebaken word.

Paragrafe:

- Verskillende hoofargumente word beredeneer.
- Elke paragraaf hanteer 'n hoofargument – ondersteun met verwysings na/aanhalings uit die teks.
- Die beredenering van die kandidaat moet deurgaans blyk.

Moontlike argumente wat beredeneer kan word:

- *Die eerste aand in die Standerton-konsentrasiekamp sê tante Marie: "Sou dit sonde wees om van harte te verlang om eenmaal ook Engeland se vroue en kinders so te sien ly?" "Ek glo nie, Tante, ek glo nie dis sonde nie," antwoord Andries.*
- *Die beweegredes en motivering vir Andries se vergeldingsplanne word stukkies vir stukkies in afwisselende hoofstukke aan lesers oorgedra uit die oë van 'n kind. Hierdeur word nie net die verskrikking van die kampe en ander oorlogsmisdade oorvertel nie, maar dit wek enorme empatie by lesers om dit uit die oë van 'n tienjarige seuntjie te beleef. Dit sou haas onmoontlik wees om nie begrip te hê vir Andries se vergeldingsdrang nie. Wanneer die moontlikheid oopgaan om deel van Duquesne se planne te word, is hy selfs gewillig om deel van die "Band of Boys" te word – sprekend van sy onwrikbare oortuiging dat hy homself op Kitchener wil wreek.*

- Daarmee saam het Andries oor die jare sy "oorlogsdokumente" versamel wat hy telkens opsoek as hy onseker voel. Hierdie dokumente dien as herinnering aan die onregte wat gepleeg is gedurende die Suid-Afrikaanse oorlog en daarmee saam ook aan die wanpersepsies en leuens wat versprei is oor die toestande in die kampe, veral aan die Britse parlement en publiek. Dit dra sterk by tot die regverdiging van sy wraaklus.
- Meer nog, Andries het ook sy "onthougoed" waardeur hy sy persoonlike verlies en pyn lewendig hou. Dié oorblyfsels van sy lewe – Hestertjie se lappop se been (groen kous en al), Servasie se geliefde hobbelperd se snoet en ore, die hemelbed van sy ouers (tekenend van hulle geestelike en vleeslike eenheid) se draaistuk, die halfverbrande boek uit sy pa se studeerkamer en altyd eenkant (as enigste oorlewende), sy eie gooitol se ysterpunt – het Andries gaan optel uit die puin van hulle verbrande huis op Bethel na die oorlog reeds verby is en hy by tante Marie en oom Flip op Yzervarkfontein gaan woon het. Toe reeds het hy sy onthougoed saam met sy oorlogsdokumente begin vertroetel en so die wraakvuur in sy hart gestook. So het Andries homself begin gereed maak vir die dag van die Lord.
- Tydens sy gesprek met tante Johanna Brandt in Keulen word egter 'n alternatiewe beskouing gegee. Sy wil weet of hy dink dat wraak ooit regverdigbaar is. Sy het in haar dagboek wat sy met hom gedeel het, geskryf dat wraak die Here toekom. Andries verweer homself ook vanuit die Bybel dat daar ook staan "'n oog vir 'n oog". Hy glo dat die Katolieke 'n punt beet het, want sonder skuldbelydenis kan daar nie ware vergifnis wees nie. "Niemand het ooit aanspreeklikheid aanvaar vir die onreg wat gepleeg is nie, Kitchener die minste van almal. Dan is wraak geregverdig." (bl. 51) Maar tante Johanna wys hom daarop dat sy nie eers meer omgee of die Here die skuld sal delg nie: "Deur die onregpleger se dade van onreg vra hy eintlik, bedoeld of onbedoeld, bloot vir ons liefde. Belydenis van skuld het niks daarmee te doen nie. Belydenis is slegs nodig vir die heling van die onregpleger self." En later: "Die liefde is die enigste antwoord wat vir die slagoffer oorbly. Dit is sy pad na selfbehoud."
- Andries word dan ook hierdie uitweg gegee in die vorm van Jennifer Cameron op wie hy spoedig verlief raak. Sy baan gedeeltelik die weg vir hom om as offisier by die weermag aan te sluit en sodoende kan hy in die sensorkantore in Whitehall gaan werk waar hy nader aan Kitchener sal kan kom. Hy gebruik haar dus vir sy eie doeleindes. Maar soos die liefde dit wil hê, kompliseer sy dan ook sake. Sy is van Skotse afkoms en haar pa blyk ook in die spioenasiediens te wees. Meer nog, hy was in die Suid-Afrikaanse oorlog. Hierdeur word hy gedwing om aandadigheid weer onder die loop te neem: het haar pa slegs bevele gehoorsaam of dra hy ook skuld aan dit wat gebeur het. Meer nog, hoeveel skuld moet iemand soos Jennifer dra as subjek van die Britse Koninkryk wat in haar onkunde ook geen idee het waaraan h  r mense hulleself skuldig gemaak het nie? Jennifer respekteer sy stilte oor sy verlede, maar spreek dikwels haar kommer uit dat dit sy ondergang gaan beteken.
- Die ander karakter wat Andries uitdaag in sy sienings is sy vriend Tewie. Aangesien hy deurgaans daarteen moet waak dat hy (Andries) nie sy ware sienings laat deurskemer nie, moet hy die teenargumente van Tewie in stilte verduur. Tewie voel (op bl. 126): "Die verlede hoort tot die verlede. Vergewe sonder om te vergeet, soos generaal Smuts s  . Verbittering het niemand al ooit   rens gebring nie." Volgens Tewie is dit daarom juis hulle plig as deel van die Empire om hulle by Engeland te skaar in die oorlog waarin hulle hulleself nou bevind. "Die versoening tussen Boer en Brit moet nou voorkeur kry." Dit is juis hierdie oortuiging wat Andries sy plan gee rondom hoe hy in Kitchener se binnekring kan kom.
- Later, as Andries homself egter in die vrede van St. Martin se kerk bevind, praat die prediker "oor vergifnis, oor sewentig maal sewe, oor die draai van die ander wang." (bl. 164) Andries begin geweldige interne struweling beleef. "Verbittering is selfmoord, s   die man. Die verbitterde is die enigste een wat ly." En "God is liefde, kom die stem na hom toe aangesweef. Liefde bring vergifnis en vergifnis heling." Maar Andries vlug nadat hy voel asof hy mal word van die verwarring in sy gemoed.

- *Uiteindelik dwing Duquesne hom egter om tot aksie oor te gaan en van daar af is geen omdraaikans nie. Hy ontglip persoonlike gevolge en uiteindelik moet Andries as verdagte in die dood van Kitchener al die gevolge dra en word hy 'n voortvlugter. As hy in die tweede laaste hoofstuk van die roman vir Jenny ontmoet, wonder hy: "Kan selfregverdiging ooit geregverdig word. Is wraak rasioneel of is dit bloot 'n oerinstink? Kan pyn en leed en verlies in woorde verduidelik word? Waar begin mens?" (bl. 289).*

Slot:

- Hoofpunte moet saamgevat word.
- Op grond hiervan moet tot 'n finale gevolgtrekking gekom word oor dit wat in die vraag aanhangig gemaak is.
- Finale besluit of Andries se **geleentheid tot vergelding** die **berusting bring** waarna hy sy lewe lank al uitsien.

Voorbeeldgevolgtrekking:

"Die gróót onreg is onvergeldbaar, dit weet hy nou. Dis ingeskape in die ondermaanse." (bl. 295). Wanneer Andries homself as voortvlugter in Soho bevind, sê hy self: "Die gedagte aan Kitchener se dood laat Andries onaangeraak. Die verwagte bevrediging is geheel en al afwesig." Hy is nou nie net 'n slagoffer nie, maar ook 'n moordenaar van vriende en vermeende vyande en meer as ses honderd ander. Tante Johanna was reg – daar is geen berusting in vergelding nie. Intendeel: hy sal voortaan 'n voortvlugter wees en sy toekoms in die regte is aan flarde. Hy en Jenny kon wel 'n lewe saam met hulle twee seuns in Uruguay maak, maar alleenlik omdat hy moes leer dat (self)vergifnis en liefde die enigste manier is om pyn, vernedering en verlies te oorkom. Die titel word dus uiteindelik die voorspelling van 'n algehele antiklimaks. As elke hond sy dag kry, was Andries s'n nie die moeite werd nie. Sy mantra van "'n oog vir 'n oog" wat kulmineer in sy wraak teenoor Kitchener het hom alles gekos. Die opoffering te groot; die prys te hoog om te betaal.

VRAAG 5 DIE DAG VAN DIE LORD (Johan Kruger)

Titel: Gee eie gepaste titel wat die vraag verwoord (opsioneel, tog 'n aanbeveling).

Inleiding:

- Dit is wys om te begin deur na die **tekstitel, genre en skrywer** te verwys, bv. *In Johan Kruger se roman Die Dag van die Lord [onderstreep in geskrewe teks] (2015) ...*

Formuleer onderwerp: ... *hou Andries Fourie sy persoonlike verlies en sy ervaringe in die konsentrasiekampe altyd vars in sy gemoed deurdat hy gedurig in gesprek tree met sy onthougoed. Die oorlogsdokumente wat hy versamel het, dien ook as motivering vir sy einddoel, naamlik om Lord Kitchener aan die pen te laat ry vir die onreg wat hy Andries en die res van die Boere aangedoen het gedurende die Suid-Afrikaanse oorlog. Maar Andries se karakterontwikkeling is nie enkelvoudig nie en sy interne konflik word deur 'n netwerk van motiewe uitgebeeld. So ontwikkel **die stoep rondom die pastorie** in Bethal, **die kanselkleed**, **die wind** en **die engele en gerubs** in die vrede van St. Martin se kerk tot belangrike simbole waardeur die kompleksiteit van Andries se eie gewetenswroeging veruiterlik word. Hierdeur word die roman se spanningslyn nie net in die eksterne plot uitgespeel nie, maar veral deel gemaak van die persoonlike worsteling met die pyn van geweld, vernedering, verlies en veral die gewetenswroeging en geloofskrisis wat daarmee saamgaan.*

- Vooruitwysing hoe die literêre opstel aangepak gaan word waarbinne hoofargumente afgebaken word.

Paragrawe:

- Verskillende hoofargumente word beredeneer.
- Elke paragraaf hanteer 'n hoofargument – ondersteun met verwysings na/aanhalings uit die teks.
- Die beredenering van die kandidaat moet deurgaans blyk.

Moontlike argumente wat beredeneer kan word:

- *Andries reis oral saam met sy "onthougoed" waardeur hy sy persoonlike verlies en pyn lewendig hou. "Toorgoed", noem Tewie dit later en "rommel" uit die mond van Jenny, maar dié oorblyfsels van sy lewe – Hestertjie se lappop se been (groen kous en al), Servasie se geliefde hobbelperd se snoet en ore, die hemelbed van sy ouers se draaistuk (tekenend van hulle geestelike en vleeslike eenheid), die halfverbrande boek uit sy pa se studeerkamer en altyd eenkant (as enigste oorlewende), sy eie gooitol se ysterpunt – het Andries gaan optel uit die puin van hulle verbrande huis op Bethel na die oorlog reeds verby is en hy by tante Marie en oom Flip op Yzervarkfontein gaan woon het. Toe reeds het hy sy onthougoed begin vertroetel en so die wraakvuur in sy hart gestook. "Algar praat met hom, smeeke hom om te vergeld ... Al wat dan verligting bring, is om na hulle te luister, die gooitol se punt rond te skuif en só te verneem wat elkeen vir hom sê. En te belowe: Ek gaan julle wreek. Op hóm." (bl. 7).*
- *Daarmee saam het Andries oor die jare sy "oorlogsdokumente" versamel wat hy telkens opsoek as hy onseker voel. Hierdie dokumente dien as herinnering aan die onregte wat gepleeg is gedurende die Suid-Afrikaanse oorlog en daarmee saam ook aan die wanpersepsies en leuens wat versprei is oor die toestande in die kampe, veral aan die Britse parlement en publiek. Dit dra sterk by tot die regverdiging van sy wraaklus.*
- *Hierteenoor is daar egter dié motiewe waardeur 'n meer komplekse verhouding met die gegewe aangeknoop word. Wanneer die jong Andries toekyk hoe hulle huis afgebrand word, bly die dak vir 'n wyle nog staande, maar eindelik is die laaste wat meegee die stoepdak: "Toe die stoepdak val, vou dit beskermend om die brandende huis. 'Alles is weg,' sê Andries toe hy die verkyker laat sak en langs sy ma neersak." (bl. 63). As hy later vir Jenny van sy grootwordjare vertel begin hy met die woorde: "Eendag was daar 'n huis, 'n pastorie. Die huis was omring met 'n breë stoep wat as beskerming vir die huis dien." ... "Die oudste seun het geglo dat die stoep die huis en sy mense sou beskerm teen alle bedreiging." (bl. 223). Sy pa het hom blykbaar geantwoord dat dít die werk van die Heilige Gees is en dat die Gees soos die wind is, "Hy waai soos en waar Hy wil. Hy woon in die wind." (bl. 224). As Jenny hom uitvra oor of hy nog steeds só glo, antwoord hy: "Die Gees het nie die stoep beskerm toe dit om beskerming gesmeek het nie. Nou bly net die wind oor. Die wind is leeg." (bl. 224). Die stoep word dus simbolies van die tyd voor die oorlog – 'n tyd waarin Andries nog kon glo in die beskerming van die Heilige Gees.*
- *Die wind word veral uitgebou tot 'n komplekse simbool. Andries het reeds gedurende sy tyd in die Irene-konsentrasiekamp vir Johanna van Warmelo gesê dat die wind nou vir hom leeg is. Na hy die brief ontvang het dat sy pa ook in die krygsgevangenekamp gesterf het, was die wind "dolleeg" (bl. 227). Tant Johanna verseker hom egter in Keulen daarvan dat die wind "waai waar en soos hy wil, Andries, hy is nooit leeg nie." (bl. 54). Wanneer hy met Tewie argumenteer, gebruik Andries weer die wind as metafoor om tydens sy interne gesprek aan homself te verduidelik hoe hulle verhoudings met die verlede van mekaar verskil: "Vir jou is die suidewind¹ ... steeds 'n wind vol belofte. In my wêreld blaas die wind net kaf uit onbewerkte mielielande." (bl. 127). Die wind wat dus nou leeg of waardeloos is, is tekenend van Andries wat nie meer kan glo aan 'n beskermende Heilig Gees nie.*

¹ die wind wat reën bring
IEB Copyright © 2020

- Aansluitend hierby blyk die rooi kanselkleed ook 'n terugkerende motief te wees. Wanneer die kerk in Bethel afgebrand word, word die kanseldoek op die brandstapel buite die kerk gegooi. Andries weet die woorde daarop sê: "God is liefde. Sy ma het die woorde met groot sorg in goud daarop geborduur. God se liefde gaan in goue vlamme op." (bl. 62). Tydens sy sielestryd in die kerk van die vrede van St. Martin sê die prediker: "God is liefde" en "Liefde bring vergifnis en vergifnis heling." Maar in verweer sê Andries in sy innerlike gesprek: "Nee, God se liefde is saam met die kanseldoek tot as verbrand, priester. Jy praat maklik." (bl. 164). Dit wil dus voorkom of Andries die vyand ook blameer vir sy gevoel van godsverlatenheid.
- Die engele (trad. boodskappers) en gerubs (trad. beskermengele) is 'n dubbelmotief wat eers later in die roman gestalte verkry. Wanneer Andries een Sondagoggend homself in die vrede van St. Martin se kerk bevind, is dit asof die prediker reguit met hom en sy eie sielestryd praat. Soos die spanning in Andries oplaai, begin die stem uit sy binneste met die "man in die gewaad" oorlog maak. Hy begin bewe en sweet en sy rugkant maak trekkings. "Die vlerke van die engele en die gerubs teen die plafon begin waai en ruis. Die skulpe raas soos die see. Of is dit die bloed in sy ore wat hy hoor?" As hy voel asof hy mal begin word, vlug hy uit die kerk (bl. 164–165). Sedertdien assosieer Andries sy angste en gewetenswroeging met die vlerkgeklap van die engele en gerubs – soveel so dat hy nie eers saam met Jenny na die kamerkonserterte in St. Martin-in-the-Fields wil gaan nie: "Die wiegende engele en die vlerkklappende gerubs teen die plafon bly 'n nagmerrie wat hom herhaaldelik bly besoek." (bl. 230) soveel so dat hy later aan sy eie geestesgesondheid begin twyfel.
- As Andries later in Windermere probeer om die gesprek oor sy verlede met Jenny voort te sit, kriewel die "vlerke van gerubs" in sy maag. Tydens 'n rit in die moltrein oorval sy angste hom nadat hy 'n brief van Retha ontvang het en hy wonder wat die wreedste is – om te sê of om te swyg? – besef hy dat sy gewete geskuif het: "Die engele en die gerubs van St. Martin neem met vlerkgeklap besit van sy hartklop, jaag dit op. ... Die engelvlerke druis diep in sy brein, speel rondomtalie met sy bewussyn." Eers nadat hy gevlug het en in die ope naglug tereg kom, begryp hy: "Hy sal moet leer om saam met die angste te leef." Wanneer hy (voor hy Scrabster toe vertrek) vir Jenny vertel dat hy vir 'n maand of twee gaan weg wees en sy opmerk dat sy onthougoed ook ingepak is, is die gerubs weer daar. Nogmaals kan hy nie eerlik wees nie – nie eers teenoor sy geliefde nie.
- Terug in Londen, nadat hy alreeds vir weke as voortvluggende wegkruip van die gereg, slaap hy moeilik: "Die gerubs se vlerkgedruis is terug, erger as ooit." (bl. 284) en saam met Servasie op sy rug en Hestertjie wat met hom praat, en sy gesprek met sy ouers en Rory wat praat sonder ophou, word die beeld van die engele en gerubs voltrek as sy gewete wat hom ry. As Jenny hom kom vind in "die woud van ons liefde" lyk sy soos 'n engel aan die koepel van St. Martin-in-the-Fields. As dogter van Adam Cameron sal sy hom ewig herinner aan sy hand in haar pa se dood (hy weet op hierdie stadium nog nie dat Adam teruggeroep is Londen toe voor hy op die skip saam met Kitchener kon klim nie). As hy uiteindelik vir Jenny sy storie klaar vertel, word die engele en gerubs deel van sy verduideliking van sy sielestryd: "Geregtigheid en regverdigheid, onreg wat nie gestraf is nie, vergelding, boetedoening, vergifnis. Engele en gerubs. Elke nag die pistool se knelling soos 'n lyk op sy rug." (bl. 290).

Slot:

- Hoofpunte moet saamgevat word.
- Op grond hiervan moet tot 'n finale gevolgtrekking gekom word oor dit wat in die vraag aanhangig gemaak is.
- Finale besluit oor hoe die **motiewe** wat aangespreek is, uiteindelik bydra tot die **slot van die verhaal**.

Voorbeeld van 'n gevolgtrekking:

- *Wanneer Andries in 1943 vir die eerste keer weer in Suid-Afrika kom en sy brief aan tante Johanna formuleer, skryf hy heel onderaan: "Ek voel weer die waai van die wind teen my wang." Hierdeur voltrek hy die grootse innerlike sielestryd waardeur hy moes worstel. Waar hy as klein seuntjie geglo het hulle staan gepantser teen die aanslagte van die duiwel – versimboliseer deur die stoep rondom die pastorie, moes hy toekyk hoe die Kakies eers die kanselkleed en kort daarna die pastorie en die beskermende stoep daarrondom afbrand. Ná die nuus dat sy pa ook gesterf het, was die wind vir hom dolleeg – m.a.w. die Heilige Gees se beskerming was nie meer daar nie. Engele en gerubs word vir hom 'n verskrikking as boodskappers van angs en in plaas van beskerming bring hulle vrees en selftwyfel. Nietemin, Jenny se woorde aan Andries in die tweede laaste hoofstuk hou moontlik die diepste insig in hierdie roman: "Vergifnis. Dit is wat dit genoem word," sê sy sag. "Dis te laat daarvoor." Dis lank stil voor sy weer praat. "Jouself. Eers moet jy jouself vergewe. Dit is die begin. Die res sal volg." Saam met die briefie wat hy vir haar geskryf het om haar na die woud in Windermere te nooi, het hy ook sy tolpunt ingesluit. Andries het die tolpunt altyd apart laat lê van sy onthougoed, so asof hy nie meer deel mag wees van hulle gesin se binnekring nie – omdat hy oorleef het en hulle nie. En daarvoor moes hy homself eerste vergewe. As Andries nou weer die waai van die wind teen sy wang kan voel, is die wind dus uiteindelik weer vol van die woorde op die kanselkleed: God is liefde – en hy mag daarin deel.*

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK**VRAAG 6 VERPLIGTE VRAAG – KOERANTBERIG**

- Berig moet prikkelende hoofopskrif/kop hê **wat by onderwerp pas**.
- Die meeste van volgende feite in paragraaf 1: *Wie, wat, waar, wanneer, waarom en hoe*.
- Res van paragrawe brei uit en verskaf veral meer inligting oor *waarom en hoe*.
- Volgorde van die res van feite en aanhalings is belangrik – of nuuswaardigheid of chronologies/logies volgens gebeure. (Omgekeerde piramied-metode)
- Inhoud moet **logies en betroubaar** wees.
- Keuse en kombinasie van dit wat gebruik word, is uiters belangrik hier. Kandidaat gebruik eie diskresie: Sommige van die notas sal nie gebruik kan word in 'n koerantberig nie. Die aanhalings hoef ook nie volledig gebruik te word nie. Sommige inligting moes nog opgevolg word. Kandidaat kan self besluit oor die respons.
- Die styl moet verstaanbaar en interessant wees, met geen mooiskrywery nie.
- Objektiewe beskrywing – joernalis is nie deel van gebeure nie (dus nie 'ek'/'ons' nie).
- Aanhalings móét gebruik word (maar nie meer as twee nie).
- Slotparagraaf moet berig afrond.
- Bedrywende vorm kan afgewissel word met lydende vorm.
- Die joernalis/verslaggewer en die koerant word nooit betrek by beriggewing nie (tensy hulle een van die akteurs was).
- Byskrif van foto: Minder as 10 woorde gemerk: **BYSKRIF**: (onderaan berig)

KANDIDATE MOET ÓF VRAAG 7 ÓF VRAAG 8 BEANTWOORD**VRAAG 7 RESENSIE**

Wat is die funksie van resensies?

- Om in te lig.
- Om jou opinie oor saak te gee.
- Om te vermaak.
- Om mense op te voed.
- Verbruikersveiligheid te verseker/verbruikers te waarsku.

Die volgende inligting moet êrens in die resensie verskyn:

Wie/wat/waar/wanneer/waarom en hoe?

- Stylwenk: Werk dié inligting in die "berig" in *óf* gee hierdie inligting bo-aan resensie.
- Openingsin: Kry die leser sover om die res van die resensie te lees, m.a.w. betrek die leser!
- Volg openingsin met 'n presiese/pittige beskrywing van dit wat vakansie-ervaring ingehou het. Hier is die toon wat aangeneem word baie belangrik: Resensente gaan reeds hierdeur wys of hulle dink dit is die moeite werd om te gaan kyk, beleef of boek te lees of nie.
- Verduidelik opinie – wees kreatief! **BELANGRIK**: Vir hierdie resensie het die vakansieplek *NIE* gebied wat verwag is nie.
- Gee lesers 'n indruk van dit wat ander gaste daarvoor gedink het. Hier kan 'n paar aanhalings handig te pas kom.
- Sluit 'n resensie af met iets wat lesers laat nadink (miskien dinge wat enige reisbestemming die moeite werd maak – maak lesers touwys oor dit wat belangrik is aan 'n goeie produk).
- 'n Goeie resensie gebruik keurige taal. Dit oortuig lesers dat hulle in goeie hande is as hulle die resensent se smaak/insig/raad volg.
- Die styl van die resensie sal bepaal word deur die teikenleser en skrywer se eie stem.
- Daar lê baie mag in die ink van 'n resensent – mense se inkomste hang daarvan af! Eerlike, dog regverdige resensies is tops.

VRAAG 8 PROMOSIEKOPIE

Promosiekopie is 'n kommunikasiewyse waarop bemarkers en vervaardigers hul teikenmark probeer oortuig om hul produkte te koop of om van hul dienste gebruik te maak.

Die volgende inligting moet êrens in die promosiekopie verskyn:

Wie/wat/waar/wanneer/waarom en hoe?

Skeppende promosiekopie:

Die belangrikste dinge om tydens die skryf van promosiemateriaal te onthou, is:

- Wie is die teikenmark?
- Wat wil die mark hê? Plaas jouself in die skoene van jou mark en beantwoord "Watse voordeel hou dit vir my in?" (WIIFM). Hier is 'n paar wenke oor hoe om dit te doen:
 - **Gebruik woorde en beelde wat jou teikenmark gebruik.** In wese wil jy jou mark se taal praat.
 - **Trek dadelik hul aandag.** Begin met 'n prikkelende kop wat direk tot jou mark spreek.
 - **Beloof iets aan jou teikenmark.** Dit is waar jy aandui wat vir hulle daarin steek. Verloor gewig! Betaal skuld!
 - **Gebruik woorde wat jou mark help om te sien en voel hoe jou produk of diens hulle sal help.** Die meeste mense koop a.g.v. emosie; die doel is dus vir hulle om te sien, te ervaar en te voel dat hul behoeftes bereikbaar is.
Byvoorbeeld, hulle kan hulself in 'n bikini op 'n strand of woonplek sonder finansiële sorge in die wêreld sien.
- **Verduidelik hoe hierdie aanbod verskil van die kompetisie s'n.** Beklemtoon die unieke verkoopsposisie.
- **Gee die mark bewys dat dit wat belowe word, waar is.** As daar getuigskrifte, navorsing of toekennings is om dit wat jy belowe te ondersteun, deel hulle.
- **Vestig jou geloofwaardigheid.** Laat verbruikers weet hoekom jy 'n geloofwaardige bron vir die produk of diens is – jy het die opleiding of ondervinding.
- **Lig produk se waarde uit.** Laat mense weet hoekom dit die moeite of geld werd is.
- **'n Oproep tot aksie.** Wat wil jy hê mense moet doen wanneer hulle jou promosiemateriaal sien? Koop? Jou webwerf besoek en op 'n gratis aanbod reageer?
- **Bied 'n geld-terug-waARBORG.** Verbruikers hou nie van besighede wat nie hul produkte of dienste waarborg nie. Dit bied ekstra geloofwaardigheid.

Totaal: 100 punte

DRAMA en ROMAN – Inhoudsmatriks: PUNT uit 20**INHOUDSPUNT uit 20: Lees altyd van bo na onder om vlak/band te bepaal**

Vlak	Inleiding, aanhalings, gevolgtrekking bepaal plek binne band	% EN PUNT
7+	JA!!! ALMAL MOET DIT LEES! 'n Intelligente brein is hier aan die werk. Onderwerp en argument tot nuwe vlak van interpretasie verhoog. Skok van genot. Teoretiese kennis gesofistikeerd. FANTASTIES!/UITSTAANDE!	90–100% 18–20
	<i>Inleiding: skep grootse verwagtinge + ½</i> <i>Aanhalings/teksverwysings: oorspronklik en oortuigend geïntegreer + ½</i> <i>Gevolgtrekking: stem tot nadenke en dieper/oorspronklike insig + ½</i>	Bv. 18 + ½ + 0 + ½
7	JA! EK MOET HIERVAN ONTHOU! Oorspronklik; verbeeldingryk; stem tot nadenke; baie goeie interpretasie van onderwerp; skerp insigte. Begrip van tekstualiteit. WAARDIG/INDRUKWEKKEND	80–89% 16–17½
	<i>Inleiding: skep afwagting + ½</i> <i>Aanhalings/teksverwysings: baie interessant en goed geïntegreer + ½</i> <i>Gevolgtrekking: toon dieper insig + ½</i>	
6	JA! EK STEM SAAM! Belowend, oortuigend, interessante interpretasie van onderwerp, nuwe perspektief, toon insig, maar tog nie genoeg vir Vlak 7 nie. VERDIENSTELIK/BAIE GOED	70–79% 14–15½
	<i>Inleiding: skep verwagting van goeie oortuigingsvermoë + ½</i> <i>Aanhalings/teksverwysings: goed gekies en geïntegreer in aanbieding + ½</i> <i>Gevolgtrekking: stem tot nadenke + ½</i>	
5	JA. Onderwerp begryp. Bogemiddeld, maar sonder sprankel en oorspronklikheid. Reproduksie van geleerde werk. GEWOON/SUBSTANSIEEL	60–69% 12–13½
	<i>Inleiding: kandidaat neem standpunt in + ½</i> <i>Aanhalings/teksverwysings: ondersteun standpunt + ½</i> <i>Gevolgtrekking: noem hoe eie standpunt bewys is en onderstreep slotsom + ½</i>	
4	JA ... WAT. Inhoud korrek; dog oninspirerend. Wys potensiaal, maar nie ontwikkel nie. Begryp die onderwerp, maar onopwindend en soms onoortuigend. Voorspelbaar. GANGBAAR	50–59% 10–11½
	<i>Inleiding: vraagstelling herhaal, kies bloot kant, rigtingwysers onduidelik + ½</i> <i>Aanhalings/teksverwysings: raakpunte met standpunt aanwesig + ½</i> <i>Gevolgtrekking: gevolgtrekking uit vraag herhaal + ½</i>	
3	MMM, Ja, maar EK WEET DAREM NIE... Idees baie voorspelbaar, tweedehandse respons (bv. volgens handleidings, maar misplaas). Onderwerp misverstaan en toon beperkte verbeelding. Min progressie van idees; swak argumentering; min bewys van beplanning. ONDERGEMIDDELD	40–49% 8–9½
	<i>Inleiding: verwys wel na vraag + ½</i> <i>Aanhalings/teksverwysings: aanwesig + ½</i> <i>Gevolgtrekking: hoewel nie volgens respons nie, maar wel volgens vraag + ½</i>	
2	TELEURSTELLEND Onoorspronklik; onrealisties; geen progressie van idees nie; foutiewe argumentering; onbeplan; verwarrend; respons verdien nie 'n slaagpunt nie. ELEMENTÊR	30–39% 6–7½
	<i>Inleiding: vraagwoorde genoem + ½</i> <i>Aanhalings/teksverwysings: waarneembaar, nie regtig sinvol nie + ½</i> <i>Gevolgtrekking: daar is 'n waarneembare einde + ½</i>	
1	NEE! Swak; tweedehands; kinderagtig/distorsie van teks; swak smaak; totale versinning; onverstaanbaar; verdien nie 'n slaagpunt nie. ONGESLAAGD	15–29% 3½–5½
	<i>Inleiding: waarneembaar + ½</i> <i>Aanhalings/teksverwysings: waarneembaar + ½</i> <i>Gevolgtrekking: waarneembaar + ½</i>	

DRAMA: TAAL- en STYLMATRIKS: Punt uit 10							
<div> <div> TEGNIIESE AKKURAATHEID </div> <div> STYL en STRUKTUUR: <i>BETOGEND</i> </div> </div>	7 Taalbeheer uitstekend	6 Begryp en pas grammatikale reëls gepas toe	5 Goeie sins-konstruksie	4 Sinskonstruk-sie redelik	3 Teenstrydige skryfwerk	2 Meestal onsinnig	1 Geheel en al onsinnig
	Woordeskat helder en gesofistikeerd	Uitdrukkings-volle woordeskat	Goeie woordeskat	Woordeskat geskik	Woordeskat voorspelbaar of vol clichés	Woordeskat verbeeldingloos en soms foutief	Onverstaanbaar
	Lengte perfek	Lengte gepas	Lengte gepas	Lengte kan pla	Lengte pla	Lengtevereiste is geïgnoreer	Lengtevereiste is geïgnoreer
	Byna foutloos	Netelige taalfoutjies	Min taalfoute	Taalfoute begin beteken is beïnvloed	Taalfoute pla	Herhaaldelike taalfoute	Verwonge idioom
A+ Betogende styl versterk betekenis op uitnemende wyse. Register perfek vir akademiese idioom. Struktuur en samehang buitengewoon goed.	90–100% 9–10	9½	9				
A Betogende styl ondersteun betekenis ten volle. Register uiters gepas vir akademiese idioom. Struktuur en samehang baie goed.	80–89% 8½–9	8	7½				
B Betogende styl ondersteun betekenis. Goeie uitdrukkingsvermoë. Vloeiend. Register goed en deurgaans volgehou. Struktuur en samehang goed.	8	70–79% 7½	7	6½			
C Betogend, maar nie volgehou nie. Duidelike struktuur, maar samehang ontbreek soms.	7½	7	60–69% 6½	6	5½		
D Neig tot oorvertel. Register dikwels nie volgens akademiese idioom nie. Struktuur nie deurgaans duidelik nie. Samehang minder geslaagd.		6½	6	50–59% 5½	5	4½	
E Akademiese styl afwesig. Slegs vertelling. Cliché; herhalend. Onvanpaste register. Struktuur en samehang onduidelik.			5½	5	40–49% 4½	4	3½
F Slordig, onsamehangend. Register totaal onvanpas. Struktuur en samehang feitlik afwesig.				4½	4	30–39% 3½	3
G Swak; deurmekaar; onleesbaar. Geen struktuur of samehang te bespeur nie.					3½	3	0–29% 0–2½

Transaksionele skryfwerk NASIENMATRIKS**TOTAAL: 20 PUNTE (Inhoud, doel en teikengroep = 10 + Styl, taal en formaat = 10)**

VLAK EN PUNT	TRANSAKSIONEEL: INHOUD, DOEL en TEIKENGROEP (10)
Vlak 7+ Uitmuntend 9,5–10	Inhoud uitmuntend en volledig volgens opdrag. Doel en teikenleser voortdurend duidelik. Kreatief, relevant, sprankelend. Oorspronklike idees.
Vlak 7 Uitstekend 8–9	Inhoud baie goed en volledig volgens opdrag. Doel en teikenleser voortdurend duidelik. Kreatief en relevant. Oorspronklike idees.
Vlak 6 Baie goed 7–7,5	Inhoud gepas volgens opdrag. Relevant. Goeie detail. Doel en teikenleser nie heeltemal volgehou nie. Opdrag korrek uitgevoer. Detail interessant. Diepte kom effens kort.
Vlak 5 Goed 6–6,5	Inhoud bevredigend volgens opdrag. Poging tot gepaste doel en inagneming van teikenleser . Af en toe steurende leemtes. Enkele interessante idees, maar eie stem en diepte kom kort. 'n Gemiddelde respons.
Vlak 4 Gangbaar 5–5,5	Inhoud: Kandidaat toon begrip vir opdrag. Probeer doel en teikenleser in ag neem. Poging nie heeltemal geslaagd nie. Respons baie gewoon en gemiddeld. Min sprake van eie stem en oorspronklikheid.
Vlak 3 Ondergemiddeld 4–4,5	Inhoud eenvoudig en verbeeldingloos. Doel: Poging om opdrag uit te voer nie heeltemal geslaagd nie. Min tekens van gepaste teikenleser . Pedanties.
Vlak 2 Elementêr 3–3,5	Inhoud kom kort. Kandidaat het waarskynlik nie vraag en opdrag verstaan nie. Doel: Opdrag nie korrek uitgevoer nie. Teikengroep geïgnoreer. Beperkte respons in die algemeen. Kandidaat toon min insig in en kennis van vereistes.
Vlak 1 Ontoereikend 0–2,5	Inhoud, doel en teikengroep toon min/geen tekens van begrip van opdrag nie. Selfs onsinnig. Kandidaat is duidelik nie in beheer van hierdie afdeling van skryfwerk nie. Kandidaat kan nie slaag nie.

TRANSAKSIONEEL: STYL, TAAL EN FORMAAT (10)								
	Hoogs gesofistikeerde gebruik van taalkonvensies. Woordeskat en register uitstekend gepas volgens opdrag. Formaat absoluut korrek, selfs innoverend.	Gesofistikeerde gebruik van taalkonvensies. Woordeskat en register goed gekies volgens opdrag. Formaat korrek.	Taalkonvensies goed gebruik. Register en woordeskat baie goed hoewel enkele swakhede voorkom. Taal en sinsbou hoofsaaklik korrek. Formaat hoofsaaklik korrek.	Taalkonvensies, register en woordeskat genoegsaam vir 'n gemiddelde respons. Taal en sinsbou toon soms foute. Formaat meestal korrek. Styl toon begrip vir opdrag.	Register en woordeskat gewoon en algemeen. Taal en sinsbou toon lastige foute. Formaat toon steurende leemtes. Styl en toon nie genoegsaam volgens opdrag nie.	Formaat meestal onvanpas. Register en woordeskat pas nie regtig by die opdrag nie. Styl en toon dikwels foutief. Taal-, spel- en sinsbou swak.	Formaat toon baie foute. Min begrip van korrekte register, woordeskat en taalfunksies. Styl en toon onvanpas.	Formaat heeltemal foutief. Geen begrip van korrekte taal-, register- en/of formaatkonvensies nie. Geen moontlikheid van 'n slaagsyfer nie.
VLAK EN PUNT	Vlak 7+ Uitmuntend 9,5–10	Vlak 7 Uitstekend 8–9	Vlak 6 Baie goed 7–7,5	Vlak 5 Goed 6–6,5	Vlak 4 Gangbaar 5–5,5	Vlak 3 Ondergemiddeld 4–4,5	Vlak 2 Elementêr 3–3,5	Vlak 1 Ontoereikend 0–2,5

Lengte: 250 woorde (Let op dat **lengtevereiste** deurgaans geld as deel van **formaat en styl**.) Indien lengtevereiste nie nagekom is nie, moet 'n **kategorieverskuiwing** gemaak word.